

DIE KOMMISSIE HERVAT NA MIDDAGETE.

ABRAM VAN ZYL nog onder eed:

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. LUITINGH: Mnr. Van Zyl, ons is besig om te handel met die Athlone-projek. U het gesê dat u is ingelig deur die bestuur van BSB dat daar sekere lede is van UDF wat betrokke was of - ek weet nie presies wat was u stelling van die UDF-lede nie. -- Ek het gesê dat ek ingelig was deur Gakkie dat sekere lede verbonde aan die Q-Town Youth Movement, wat 'n frontorganisasie was vir die UDF verantwoordelik was vir terreurdade in die Weskaap-omgewing en dat (10) hulle by 'n geheime plek bymekaarkom, dit sal wees by die Early Learning Centre waar die terreurdade dan beplan word.

Nou wil ek vir u eerstens sê dat Gakkie sal dit ontken. Hy ontken dat hy daardie inligting aan u gegee het en het u ooit bevestig of die Early Learning Centre 'n geheime plek was? -- Soos wat ek reeds verduidelik het, die projekte - wanneer ek die inligting ontvang en dit word deurgestuur na die bestuur toe, dan bevestig - word hierdie inligting bevestig alvorens daar uitvoering gegee word aan - alvorens daar 'n projek geregistreer word om uitgevoer te word. So vir (20) alle praktiese doeleindes kan u maar aanvaar dat daardie inligting is korrek.

Het u na die Early Learning Centre gaan kyk? -- Nie tot voor die voorval nie.

Nadat u daar was, was u van mening dat dit 'n geheime plek was? -- Dit was my inligting.

Wat was u observasie gewees, mnr. Van Zyl? -- Ek het nie observasie gehou nie. Ek is nie 'n inligtingsman wat dit betref nie.

Kan u aan die hof sê hoe lyk die Early Learning Centre/.. (30)

Centre - aan die kommissie sê hoe lyk die Early Learning Centre.

-- Dit is 'n saal - dit lyk soos 'n laerskool.

Dit is 'n gemeenskapsaal, is dit nie waar nie? -- Dit is korrek.

Dit is nie eintlik 'n geheime plek nie, dit is 'n openbare plek. -- Ek het gesê dit word vir doeleindes van geheime vergaderings gebruik. Ek het nie gesê dit is 'n geheime plek nie.

Het u ooit probeer vasstel wat die ander gebruike van die saal was? -- Ja, daar was skoolkinders op stadions daar (10) wat byvoorbeeld karate-klasse geneem het. Dit was vir ...

'n Crèche gewees. -- Dit is korrek, in die gebou, ja.

Wat is u inligting ten opsigte van die aktiwiteite daar wat u dan sou geverifieer het?

VOORSITTER: Die getuie het gesê hy het niks geverifieer nie. Hy het gesê hy het die inligting oorgedra en die mense boontoe aanvaar hy het dit geverifieer.

MNR. LUITINGH: Is dit aan u meegedeel? Wat het hulle gesê? -- Die inligting is bevestig.

Maar hoe is dit bevestig? Wat het hulle gesê wat gaan(20) daar aan en wat was die bron agter die inligting? -- Dit was bevestig dat die lede wie se name ek ontvang het vanaf Gakkie asook die saal, die spesifieke saal binne-in die Early Learning Centre gebruik word vir geheime vergaderings, vir die hou van geheime vergaderings.

Deur wie? -- Deur lede van die UDF wat onder 'n front-organisasie, naamlik die Q-Town Youth Movement, geopereer het.

U sien want dit sal verder ook ontken word dat die Q-Town Youth Movement enigsins 'n front is vir die UDF en dit is uit die aard van die saak nie nodig vir hulle om 'n front te (30)

wees nie/..

of enigsins met hulle aktiwiteite deelneem. -- Nee, hulle is welkom om van my te verskil, maar my inligting is korrek en ek kan vir u sê dat daar sou nie 'n optrede gewees het indien die inligting nie so was nie.

Maar dit is juis die punt, mnr. Van Zyl, ek vra vir u, u sê u inligting is korrek. U maak bloot die stelling dat dit aan u bevestig is. Nou wil ek graag weet wat is die bron daar- van, wat word daarvoor gesê, hoe weet u dat dit korrek is of het u ooit uitgevind daarvoor of het u dit net aanvaar? -- (10)

Ek het dit aanvaar, te goeder trou aanvaar. Dit is nie vir my nodig om - as ek nou moet uitvind of die inligting korrek is van Gakkie byvoorbeeld en ek moet gaan uitvind of die inligting van BSB korrek is, dan kan ek maar al die werk myself doen.

Ja, dit is juis die punt.

MNR. DU TOIT: Mnr. die Voorsitter, mag ek met u verlof op hierdie stadium twee opmerkings maak. Eerstens die vraag na die korrektheid van hierdie inligting is, soos wat ek dit sien, hoegenaamd nie relevant vir die kommissie nie en al (20) sou u bevind dat die saal vir Sondagskoolpieknieke aangewend is dan gaan dit geen verskil hoegenaamd maak maak die feite- sending wat u in opdrag hier moet uitvoer nie. Dit is die eerste punt. So, ek sien hierdie in elk geval as totaal on- tersake. Tweedens, my stilsweye moet nie gesien word as synde 'n instemming dat sou daar dan op 'n latere stadium sulke ge- tuienis voor u geplaas word dat dit met ons instemming geskied nie. Ek sou wou dink dat sulke getuienis totaal ontersake is, dat dit op 'n vermorsing van tyd neerkom en dat dit geen bydrae lewer tot die opdrag wat voor u is hoegenaamd nie (30)

en ons sal/..

K30.5

- 776 -

VAN ZYL

en ons sal aan die einde van die dag, na die kruisonder- vraging ook aandui dat ons 'n beswaar het teen sekere van die vrae en ook

teen die aanbieding van getuienis agterna om totaal ontersake inligting voor u te plaas. Dit is die opmerkings wat ek wil maak met u verlof.

MNR. LUITINGH: Wat is u inligting ten opsigte van die aktiwiteite van ...

VOORSITTER: U het nou al honderd keer gehoor wat die inligting was. Wil u betwis dat die getuie 'n politieke motief gehad het?

(10)

MNR. LUITINGH: Nee.

VOORSITTER: Nou waarom gaan hierdie vrae?

MNR. LUITINGH: Wel, ek wil weet op watter basis, want indien daar 'n basis geopenbaar word, dat dit 'n politieke motief is, dan wil ek weet of daardie basis ook toepaslik is aan ander aspekte.

VOORSITTER: Wel, ek vind dit baie moeilik. Mnr. Luitingh, ek is jammer, maar ek is van oordeel dat u besig is - u het werklik waar tot op hede weinig reggekry, iets voor ons geplaas en ek gaan u onder 'n tydsbepaling stel as dit so (20)

voortgaan. Gaan maar voort.

MNR. LUITINGH: Hoe het dit dan gebeur dat die projek tot stand gekom het? U het die inligting gegee en van wat was die voorstel gewees? -- Ek het die inligting deurgegee. Daarna het ek opdrag gekry vanaf die koördineerder en streekbestuurder om 'n voorstudie te doen ten opsigte van die saal by die Early Learning Centre. Ek het 'n voorstudie gedoen en voorgestel dat die saal vernietig moet word met 'n kleefmyn wat afstandbeheer afgesit sal word. Hierdie voorstel van my was op skrif geplaas op die voorstudie waarna ek in kennis gestel(30)

was /..

K30.8

- 777 -

VAN ZYL

was dat 'n inhuis of 'n aanbieding gedoen moet word wat ook gedoen was aan die streekbestuurder, besturende direkteur en koördineerder.

Die saal is uit die aard van die saak 'n redelike - wat bedoel u, die hele gebou? -- Nee, nee, ek bedoel die saal self. Ek het dit nooit fisies gesien nie. Ons het slegs planne van die saal gekry vanaf Gakkie van waar die kaste sou gestaan het en hoe groot die saal was. As ek my korrek herinner was dit omtrent amper die helfte so groot soos wat hierdie vertrek is.

(10)

Wat sou dit help om die saal op te blaas indien die res van die gebou met ander sale en kantore nog steeds voortbestaan? -- Nee, dit was 'n intimidasiepoging en hulle sou besluit en hulle het besluit die boodskap gekry dat iemand van hulle bedrywighede te hore gekom het en die motiverings van die projek is in my verklaring beliggaam.

Met ander woorde wat u sê is dat u wou nie lewens in gevaar stel daar nie? -- Nee, nee. As ons wou lewens in gevaar stel sou ek bloot 'n kleefmyn daar geplaas het en dit laat afgaan het op 'n tyd wanneer dit nou - wat ek nie (20) kon geheer nie. Dit is hoekom ons die afstandbeheer gebruik het.

Het u ooit byvoorbeeld gedink dat ten einde lewensverlies te voorkom dat dit 'n beter idee sou wees om die kleefmyn in toilette te sit of in plekke waar mense nou nie sou vergader nie? -- Nee, ek dink ons het absoluut - om u vraag te antwoord, nee, dit het nie ter sprake gekom om 'n kleefmyn in 'n toilet te gaan sit by daardie gebou nie. Dit sou absoluut niks aan ons saak verander het nie. Ek dink ons het alle menslike pogings nagekom om te verhoed dat enige lewens (30)

geneem/..

K30.9

- 778 -

VAN ZYL

geneem word tydens daardie ontploffing of dat enige persone beseer word.

Maar uit die aard van die saak dink u nie dit sou 'n beter idee gewees het om 'n kleefmyn in 'n beperkte plek te sit waar

mense byvoorbeeld nie vergader nie? -- Nee, dit is juis die hele doel om die kleefmyn in die vergadersaal te plaas waar hulle dit gebruik, waar hulle hul beplannings doen.

Dit sou ook, volgens ons, die vermoede laat bestaan het dat daardie persone 'n moontlike terreurdaad, wat 'n bomontploffing was, self beplan het en dat dit hulle eie kleefmyn (10) is wat die betrokke aand daar sou afgegaan het.

Ja, maar dit is juis die punt. Dit gaan oor die ontploffing van 'n kleefmyn, nie oor waar dit geplaas is nie. Indien 'n kleefmyn in daardie gebou afgegaan het, dan sou dieselfde boodskap deurgegee gewees het, indien dit op 'n veilige plek gesit is as waar dit in 'n saal is waar die mense sou vergader het. -- Nee, ek moet met u verskil. Kleefmyne is vrylik bekombaar. As ek dit in 'n toilet moes gesit het met alle respek sou hulle een teen tien gedink het dit is maar net iemand wat nog een opgetel het en vergeet het daar in (20) die toilet.

Is dit u verduideliking? -- Dit is korrek.

Ek wil dit aan u stel dat die rede hoekom u die kleefmyn in die saal gesit het, is omdat u geweet het daar was mense in die saal en dit was die bedoeling gewees om daardie mense te vermoor. -- Ek het geweet daar was mense in die saal. Daar was geensins - die projek is nie so goedgekeur nie. Daar was geensins beplan om enige van daardie persone te dood tydens die ontploffing nie.

Ek wil dit dan ook verder aan jou stel - laat ek dit (30)  
so aan/..

K30.10

- 779 -

VAN ZYL

so aan jou stel, indien u wou seker wees dat daar nie lewensverlies is nie, hoekom het u nie gewag tot laat in die aand, 24h00, wanneer die plek gesluit is en die ligte af is en daar nie mense is om die saal op te blaas nie? -- Dit sou nie die effek gehad het nie.

Ons moes vir hulle die boodskap gegee het dat daardie ontploffing was op hulle gerig. Daar was iemand wat weet van die daad waarmee

hulle hul besig hou.

Met ander woorde u het die risiko aanvaar dat daar moontlik mense in die saal sou gewees het en dat hulle sou gesterf het. -- Dit is hoekom ons gaan kyk het nadat die mense - (10) of daar mense in die saal teenwoordig was. Dit is hoekom Gak-kie teruggerapporteer het daar is mense binne-in die saal teenwoordig.

Daar is? -- Dit is korrek.

Ja? -- En toe het ons gewag tot al die mense uitkom. Ons het gewag tot elke lieve kar die parkeergronde verlaat het en ons tevrede was dat daar niemand binne-in die saal was nie en daar was stellig niemand binne-in die saal gewees nadat daardie vergadering verdaag het nie. Dit was die enigste mense wat daardie gebou die betrokke aand na 19h30 gebruik(20) het.

Het u ooit vasgestel hoe gereeld word daardie saal gebruik en watter ure? -- Die ure was gewoonlik gewees enigiets van half agt af, tot en met half agt was dit bloot kinders of ander organisasies, nie verbode organisasies nie, wat dit gebruik het en die bedrywighede wat ons geïnteresseer het, het hoofsaaklik vanaf half agt tot omtrent 22h00 hom daar afgespeel gereeld, ek sal sê een keer 'n week.

So, u het geweet dat daar bedrywighede tussen 19h30 en 22h00 was? -- Ja. Ek het daardie betrokke dag - ja-nee, (30)

dit is/..

K30.10

- 780 -

VAN ZYL

dit is heeltemal ..

Wat wou u sê? -- Nee, ek het u vraag amper misverstaan. Ek wou vir u gesê het dat ons het die betrokke dag geweet dat daar kinders in die saal was tot en met half agt.

Wou u nie gesê het dat u het geweet dat die Q-Town Youth Movement daar sou vergader het daardie dag nie? -- Daardie betrokke aand?

Ja.-- Ja, ek het dit geweet.

En dat dit tussen 19h30 en 22h00 sou gewees het. -- Heel-temal korrek. (10)

En dat inderdaad daar lede van die Q-Town Youth Movement in die saal was toe u die bom laat ontplof het. -- Daar was geen lede binne-in die saal toe die bom afgegaan het nie.

U het dit nie gesien nie. -- Nee.

U het nie geweet dat daar nie mense in die saal was nie. -- Nee.

So, daar kon mense in die saal gewees het? -- My inligting is dat daar niemand binne-in die saal was nie.

Van watter bron is hierdie inligting? -- Nuusberigte.

Ek sal aan die kommissie twaalf, miskien dertien of (20) veertien, beëdigde verklarings voorlê van mense wat in die saal was ten tyde toe die bom afgegaan het. -- Praat u van die kamer waarbinne daardie bom was?

Binne die gebou. -- Wel, dit maak 'n groot verskil.

Ja. -- Binne-in die gebou kon daar mense gewees het, maar binne-in daardie saal waarin die kleefmyn geplaas was, was niemand nie, nadat hy geaktiveer is.

VOORSITTER: Ekskuus tog, mnr. Luitingh, u het gestel daar was persone in die saal gewees. Nou wil ek net by u weet wat stel u.

(30)

MNR. LUITINGH/..

K30.11

- 781 -

VAN ZYL

MNR. LUITINGH: Binne-in die gebou. Ek vra om verskoning.

Binne-in die gebou. Met ander woorde u het die risiko geneem dat daar mense binne-in die gebou was toe die kleefmyn ontplof het? -- Soos ek weer eens vir u sê ons het alles menslik moontlik gedoen om onself tevrede te stel dat daar niemand binne-in die gebou was nie.

Nee, maar .. -- As u dan wil sê ja, dit was 'n risiko om-



dat ek nie self in die gebou ingegaan het om te gaan kyk nie, goed en wel, dan was dit 'n risiko.

Ek wil dit aan u stel dat dit is aan jou gerapporteer(10) dat jy nie daardie bom moet laat ontplof nie omdat Gakkie gesê het daar was mense in die gebou, daar is mense wat binne-in en buitentoe gaan in die gebou en bo en behalwe dit dat hulle hom gesien het en dat u ten spyte van daardie kommunikasie sy kommunikasie verontagsaam het en die bom laat afgaan het. -- Nee, nee, dit is nie 'n waar stelling daardie nie.

Daar sal lede getuig en daar sal ook 'n persoon wat in administratiewe beheer is van daardie gebou, sal getuig dat daar 'n vergadering sou gewees het in die saal daardie aand. -- Ek ontken dit nie. (20)

Daarbenewens - dat op 'n baie laat stadium 'n sokkerspan sou vergader het, bymekaargekom het in die voorportaal was toe, of lede van die sokkerspan, toe die bom ontplof het en dat die voorportaal reg langs die saal is. -- Dat die sokker-saal reg langs die saal is?

Dat lede van die sokkerspan in die voorportaal was wat reg langs die saal is. -- Dit is 'n absolute leuen daardie.

Ongeveer vier of vyf lede van die sokkerspan sal so getuig. Hulle sal verder getuig dat die persoon in administratiewe beheer die mense, dit is nou die Q-Town-mense en die(30)

mense/..

K30.12

- 782 -

VAN ZYL

mense wat van Cayco, sou vergader het, gevra het om nie die saal te gebruik nie, want die lede van die sokkerspan op 'n latere stadium daardie aand dit sou gebruik en dat hulle dan in die rede geval sou gewees het en dat as gevolg daarvan dat hulle asseblief op 'n ander plek moet gaan vergader en daar- die besluit is eers daardie aand gemaak toe die Q-Town Youth Movement vergader

het. -- Meneer, as ek u korrek verstaan wil u vir my sê dat die Q-Town Youth Movement het daardie betrokke aand nie daar vergader nie.

Hulle het daar vergader. Hulle het juis daar vergader (10) der, maar nie in die saal nie. Hulle sou in die saal vergader het. Dit was absoluut per toeval gewees dat hulle gevra is om 'n ander saal te gebruik. -- So, wat u wil sê is dat hulle het nie die saal gebruik waarin die bom geplaas was nie, maar 'n ander saal binne-in die gebou.

Dit is korrek. -- Dit is nie wat Gakkie aan my gerapporteer het nie.

En dat dit per toeval is dat daar niemand in die saal was ten tyde toe die kleefmyn afgegaan het nie. -- Dit was nie toevallig gewees nie. Ons het gewag dat al die mense (20) vertrek.

Daarbenewens gaan ek ongeveer vyf verklarings liasseer van mense wat sê dat hulle motors was in die terrein geparkeer gewees en of net buite die terrein en dat dit duidelik was dat daar menslike verkeer na binnetoe en na buitentoe beweeg het. -- Ek sal dit ten sterkste ontken.

En laastens, en ek wil net weer 'n geleentheid vir u gee om daarop kommentaar te lewer, verder dat Gakkie sal sê dat hy na u toe gekom het en vir u gesê het u moenie die kleefmyn laat ontplof nie omdat daar mense in die saal is en dat (30)

hulle/..

K30.15

- 783 -

VAN ZYL

hulle hom gesien het. -- Nee, Gakkie was wel gesien gewees die betrokke aand toe ons daar verbygery het. Ek kan nie onthou wie die persoon was wat hom geïdentifiseer het nie, maar dit was een van die UDF of Q-Town Youth Movement se lede gewees.

Hy was nogtans tevrede dat ons met die operasie kon voortgaan en ek sal saamstem dat hy gesê het dat die bom nie nou geaktiveer kan word nie omrede die persone binne-in die saal is. Daarmee stem

ek ook saam, maar die stelling dat hy gesê het ons moet die projek staak, is beslis nie so nie.

Nee, nee, u verstaan my miskien verkeerd. Ek het nie (10) gesê dat hy gesê het julle moet die projek staak nie. Hy het gesê u moet nie nou die bom laat afgaan nie, op daardie oomblik die bom laat afgaan nie omdat daar nog mense in die saal was. -- Toe hy dit vir my gesê het, was dit omtrent 'n half uur voordat die bom geaktiveer was en nadat die mense gery het, het hy vir my gesê - die mense het uit die saal gekom toe het hy die name van die persone een vir een vir my opgenoem en toe het hy vir my - toe wag ons totdat die mense in hulle motors is en hulle om die hoeke gery het en hulle weg is, toe was dit geaktiveer, toe het hy geensins vir my gesê ek (20) moet dit nie doen nie, daar is nie mense nie. Ons was toe heel oortuig dat daar geen persone binne-in daardie gebou was nie.

Hoe laat sê u het u die bom laat ontplof? -- Geaktiveer? Omtrent 21h15.

Daar sal getuienis gelei word dat die bom is tussen 20h30 en 20h35 geaktiveer. -- Dit is beslis nie so nie.

Ek wil dit aan u dan - laat ek net vir u die volgende dan vra. Is dit korrek dat Gakkie uit die motor geklim het en na die saal toe gegaan het? -- Dit is reg. (30)

En dat/..

K30.14

- 784 -

VAN ZYL

En dat hy buite die saal met verskeie mense gepraat het. -- Nee, hy het na die saal toe gegaan, na die agterkant van die saal toe, dit is wat hy vir my gesê het. Hy het vroeër die dag 'n trapleer gaan opsit by die saal waar hy deur 'n venster kon sien hoeveel persone binne-in die saal is en op watter stadium en vir daardie doel is hy na die saal toe om te gaan kyk of die mense besig is met die vergadering, of die betrokke persone wat ons vermoed het die vergadering daar gaan hou, wel die betrokke aand

in die saal vergader het. Hy het nooit met enigiemand gaan gesels  
wat ek van kennis dra (10) nie.

Waar was hy gewees - waar was u gewees, ek is jammer, toe  
hierdie plaasgevind het? Met ander woorde toe hy die motor verlaat  
het om te gaan kyk. -- In die motor.

En waar was dit geparkeer? -- Ver weg van die toneel af.

Ja, maar was dit aan die voorkant van die saal geparkeer,  
agterkant, aan die kant van die saal, waar? -- Wel, dit is moeilik.

As ek vir u sê dit is ver weg, miskien kan dit aan die voorkant  
of aan die kant wees. Ek praat van omtrent 400/ 600 meter weg vanaf  
die saal aan die anderkant van die (20) hoofpad.

Kon u die voorportaal van die saal sien? -- Nee.

Aan die anderkant van watter hoofpad? -- Ek weet daar loop  
'n hoofpad, aan die, ek sal sê die oostekant van die saal verby,  
as ek my rigting reg het.

Ja? -- Ek kon niks van die saal sien nie.

So, dit is dan moontlik dat hy wel met iemand kon praat? --  
Soos wat ek vir u sê volgens my kennis het hy dit nie gedoen nie,  
dan sou hy dit aan my gerapporteer het. Ek het ..

(30)

Is dit/..

K30.17

- 785 -

VAN ZYL

Is dit die enigste rede waarom u sê hy het dit nie ge- doen  
nie? -- Ja, absoluut.

Maar dit is wel moontlik dat hy dit gedoen het. -- As hy so  
sê maar hy het dit nie so aan my gerapporteer nie.

Mr Chairman, if you could just bear with me for a moment.  
You have got no objection if I disclose the statement, relating  
to this particular aspect?

CHAIRMAN: Just hand it in. If you have a statement hand it in.

MR LUITINGH: Well, it is not - it is a statement that (10)  
has been made to the commission, to Mr McNally.

Ek sal u later 'n geleentheid gee om op 'n verklaring kommentaar te lewer, ek wil net vir jou sê wat 'n stelling is wat hy in die loop van 'n verklaring gemaak het wat hy aan mnr. McNally gegee het en dit is naamlik dat hy wel gepraat het met mense. -- Soos ek sê hy het dit nie aan my gerappor- teer nie. Ek het hom gevra toe hy teruggekom het, toe hy die eerste keer gaan kyk het na die kamer, of enigiemand hom ge- sien het. Hy was absoluut versigtig. Hy het aan my dit ge- noem dat niemand hom gesien het nie. Hy het dit nie aan (20) my genoem dat hy met enigiemand gepraat het nie en ek moet vir u sê ek vind dit baie snaaks dat hy met iemand sal gaan praat onder sulke omstandighede. Ek meen ek glo tog nie dat hy sal wil weet dat sy eie mense tussen wie hy bly weet dat hy saam met die Suid-Afrikaanse Weermag gewerk het onder sulke sensi- tiewe omstandighede nie.

Daar sal verder beëdigde verklarings wees van die mense met wie hy gepraat het wat sal sê dat hy wel 'n persoon laat roep het, dat hulle in die voorportaal, net buite die voorpor- taal buite die gebou met mekaar gesels het en dat hy toe (30)

daarna/..

K30.19

- 786 -

VAN ZYL

daarna weg is, maar in elk geval u kan uit die aard van die saak nie daarop kommentaar lewer nie. Verder sal Gakkie sê dat hy het terug in die motor geklim en dit is op daardie stadium wat hy vir u gesê het julle kan nie voortgaan met die projek soos dit beplan was nie en dat u vir hom gesê het hy moenie bekommerd wees nie omdat hierdie kleefmyn niemand sal beseer nie en dat dit slegs mense gaan skrik maak. -- Nee, dit was nooit aan my gesê nie en ek ontken dat ek daardie woorde teenoor hom geuiter het.

Was daar 'n ander persoon behalwe die twee van u, die(10) twee mense wat afgegaan het, dit is nou u en mnr. Botha, was daar 'n ander persoon wat betrokke was, wat die verrigtinge dopgehou het vanuit 'n ander oord of wat dalk 'n onbewuste- like lid was

of 'n bewustelike lid? Was daar iemand anders betrokke behalwe u? -- Niemand nie.

Gakkie sal sê verder dat u gesê het dat u wil nog net 'n rukkie wag omdat u wil sien of daar 'n ander persoon is wat - 'n persoon wat u ken - wat in die omgewing is of in die saal is, dat hy dit op daardie basis met u gelaat het en dat u minute daarna, enkele minute daarna, het u die kleefmyn laat(20) ontplof. -- Nee, dit is nie so nie.

Kan u verkeerd wees ten opsigte van die tyd? -- Nee.

Hoe laat was u vliegtuig - het u daardie aand teruggegaan Johannesburg toe? -- Dit is korrek.

Hoe laat het u vlug vertrek? -- Dit was in die omgewing van tienuur.

Maar in elk geval die ligte was nog aan, die hekke was nog oop en daar was nog mense in die gebou, maar sover u betref nie in die saal nie, is dit wat u sê? -- Dit is korrek. Ek het ook geen mense naby die gebou gesien nie, geen (30)

motors/..

K30.20

- 787 -

VAN ZYL

motors in die parkeergronde nie. Ek was by die parkeergronde geparkeer, geen motors in die straat nie, geen mense in die straat nie.

Uit die aard van die saak as u nie eers vir Gakkie kon sien wat by die voorportaal gestaan het van waar u was nie, sou u dan ook nie ander mense kon gesien het wat daar was nie. -- Nee, ek praat van op die stadium toe die myn geaktiveer was, toe was daar nie mense gewees nie.

Het u nadergery? -- Ja, ons was 25 meter van die saal af.

Toe dit ontplof het? -- Dit is korrek. (10)

Het u 'n oproep van Peaches ontvang as gevolg van hierdie insident? -- Nee, ek het nie 'n oproep vanaf Peaches ontvang nie. Ek het hom gesien in Kaapstad ongeveer twee weke na die voorval,

of 'n week.

Het u ooit vir Peaches gevra of daar - en het hy oor hierdie aangeleentheid aan u rapporteer? -- Hy het aan my gesê dat hy vermoed dat daar gepraat word dat Gakkie verantwoorde-lik was vir die betrokke insident. Ek het aan Peaches enige betrokkenheid by die geval ontken en ek het ook vir hom gesê dat Isqak Hardien nie vir my werk nie. (20)

Het u ooit vir hom gevra of daar enigiemand beseer was? -- Nee.

U sien want dit is Peaches se weergawe. Hy sê dat u het aan hom gevra of daar mense is wat beseer is. - Nee.

Het mnr. Verster ooit vir u gesê dat indien daar weer 'n bomontploffing plaasvind wat deur die Q-Town Youth Movement sou geplaas gewees het, dat hy u persoonlik daarvoor verantwoordelik gaan hou? -- Dit is 'n boodskap wat ek vanaf die streekbestuurder ontvang het wat na bewering vanaf die besturende direkteur sou gekom het, ja. (30)

Het u/..

K30.21

- 788 -

VAN ZYL

Het u gedink dat deur die saal op te blaas waarin hulle weekliks sou vergader, dat dit hulle sou stop om, volgens jou inligting, dade van terreur te pleeg? -- Dit is korrek.

Het u nie eerder gedink dat indien u hulle uitwis waar hulle vergader en hulle almal doodmaak, dat dit sou verseker dat hulle nie weer bomme sou plant nie? -- Dit was nie die opdrag van die projek nie.

U het uit die aard van die saak geen dokumentasie ten aansien van hierdie projek nie? Dit is alles in die lêers weg, is dit nie so nie? -- Dit is in die lêers. Ek weet nie of(10) hulle weg is nie.

Kan ons net kyk na die aangeleentheid van mnr. Evans. U is gesê op 'n stadium dat daar so 'n bestaande projek is, is dit korrek?

-- Dit is korrek.

Het u van tyd tot tyd met mekaar projekte bespreek? -- Ja.

So, u het dan uit die aard van die saak ook met mnr. Botha oor sy projekte in Natal gepraat en met mnr. Burger oor sy projekte in die Transvaal. -- Daar was daarvoor gesels, maar dit was nie die beleid van die BSB dat ons van mekaar se (20) projekte moes kennis dra nie.

Nou die projekte waarmee u gehandel het is uitsluitlik u projekte in u beëdigde verklaring. -- Dit is korrek.

Van watter projekte het u gepraat met die ander lede? -- Ek weet van geen projek wat òf mnr. Burger, Maree òf Botha by betrokke was, hetsy buitelandse of binnelands nie.

Wel, wie was by die projekte betrokke? -- Ek weet nie van ander projekte nie. Ek het nou vir u gesê waarby ek betrokke was en ek praat nou nie van gevalle waar daar vir Botha gesê was luister, gaan bevestig die inligting ten opsigte van (30)

mnr. So en So/..

K30.23

- 789 -

VAN ZYL

mnr. So en So nie. Dit is nie 'n projek nie.

Maar mnr. Van Zyl, u het nou net 'n oomblik gelede vir ons vertel dat u wel oor ander mense se projekte gepraat het.

VOORSITTER: Nee, hy het gesê ons het oor projekte gepraat.

Hy het nie gesê hy het met ander mense ...

MNR. LUITINGH: Mnr. die Voorsitter, ek het vir hom gevra of hy met die ander oor hulle projekte gepraat het, mnr. Calla Botha oor sy projek ...

VOORSITTER: Nee, ek het verstaan dat u vra het julle projekte bespreek, maar in ieder geval gaan voort. (10)

MNR. LUITINGH: Laat ek u dan weer vra ...

VOORSITTER: Ja kom - ekskuus tog. U het nou vir die advokaat gesê dat u weet van geen projek wat Botha, Maree of Burger binnelands by betrokke was nie. Is dit reg? -- Of buitelandse vir daardie



doel nie, behalwe nou die Evans-geval oorspronk-lik deur mnr. Maree hanteer was.

Watse projekte het u met die mense bespreek dan? -- Dit was maar merendeels - soos ek sê daar was besprekings gewees, was dit besprekings betreffende die werk, betreffende die vyand, betreffende opdragte wat aan ons gegee word. Ek (20) kan my nie herinner dat enige van my ander drie sellede na my toe gekom het en gesê het luister, nou hierdie is my projek en dit is wat ek daarmee gaan doen of nadat hy dit gedoen het na my toe gekom het en gesê het luister, dit is nou eintlik ek wat daarvoor verantwoordelik was nie.

MNR. LUITINGH: Is daar ooit vir u gevra of julle betrokke is by projekte deur die streekbestuurder of besturende direkteur wat u nie van geweet het nie? U of die ander lede? -- Ek verstaan u vraag nie.

Met ander woorde is daar insidente wat gebeur het as (30) gevolg/..

K30.26

- 790 -

VAN ZYL

gevolg waarvan die streekbestuurder vir u gevra het was daar 'n insident waarby jy betrokke was of enige van die lede? -- Ek dink die enigste insident is dié om dr. Webster waar die besturende direkteur vir my gevra het of ek by die betrokke geval betrokke was en of die sel as sulks of enige van die ander lede daarby betrokke was en ek kan ongelukkig geen lig op daardie saak werp nie.

Met ander woorde hy het vir u gevra of u weet of die ander lede daarby betrokke was? -- Ja, en of ekself daarby betrokke was. (10)

So die besturende direkteur het aanvaar dat u dalk van die ander se projekte kon geweet het, daarom het hy vir u gevra. -- Nee, ek sal nie dit sê nie, ek sal nie dit sê nie.

Het hy aangeneem dat daar 'n moontlikheid is dat julle

projekte inisieer en voltrek, voltooi sonder dat hy daarvan geweet het? -- Dit het nooit onder my aandag gekom tot en met die dag toe mnr. Verster dit - die betrokke Webster-geval met my bespreek het nie. Dit is nadat ek al bedank het. Hy het aan my gevra of ek glo dat die streekbestuurder so iets kon inisieer het sonder om hom te ken en ek het aan hom gesê (20) nee, dit is seker moontlik, maar ek glo nie.

Hoekom het die geval van Webster - hoekom was dit so belangrik gewees? -- Nee, dit was nie met respek vir my belangrik nie. Dit was vir die besturende direkteur belangrik.

Juis. -- Ek glo dit is seker as gevolg van die druk wat op die polisie toegepas was om die moordenaars aan te keer.

Maar dit het verskillende - dit is dieselfde met verskillende ander mense, nie waar nie? Daar was verskeie mense wat onverklaarbaar doodgemaak is en ten opsigte waarvan daar koerantberigte verskyn het, publieke druk was? -- Ja-nee, (30)

ek sal/..

K30.28

- 791 -

VAN ZYL

ek sal daarmee saamstem. Hoekom dr. Webster se geval uitgesonder moet word sal ek nie weet nie.

VOORSITTER: Sê vir my hierdie gesprek met mnr. Verster, het dit plaasgevind voordat of nadat die eerste lid of oudlid van BSB gearresteer is? -- Dit was gewees na die arrestasie van mnr. Barnard, die eerste oudlid.

MNR. LUITINGH: Kan ek net vir u vra oor u verhouding met mnr. Barnard, u werksverhouding wat u gehad het met hom, was hy 'n lid van die BSB? -- Hy was, en ek sal nie sê dat mnr. Barnard bedank het uit die BSB nie. Hy was bloot gevra om, as gevolg van 'n sensitiewe geval wat hy hanteer het, op die ys te bly, soos wat ons dit genoem het, tot verdere kennisgewing. Hy het, sover my kennis strek, nog steeds gebruik gemaak van 'n voertuig wat deur die BSB aan hom verskaf was. So vir alle praktiese

doeleindes sal ek sê hy was seker nog steeds 'n lid.

Die inligting wat u nou gee, waar sou u dit bekom het? U het u uit die aard van die saak met mnr. Barnard gesels daar- oor.  
-- O ja.

En met die streekbestuurder ook? -- Dit is korrek.

Want ek dink dat mnr. Joe Verster sou wou aanvoer dat (20) hy afgedank is. -- Mnr. Verster is, glo ek, in 'n beter posi- sie om te sê of hy afgedank is en of hy nie afgedank is nie. Ek sê vir u bloot hoe ek dit gesien het.

Ja, wat ek nie kan verstaan nie - may I just take an in- struction here. Mnr. Verster, u kan miskien nie daarop kom- mentaar lewer nie, maar indien dit so is dat hy afgedank is sou ek nou net wou weet of u dalk lig kan werp op die feit of mnr. Burger nog steeds van sy beskikbaarheid gebruik sou maak ten spyte van die feit dat hy offisieel afgedank is? --

Mnr. Barnard was nooit 'n lid van ons sel gewees nie. Ek (30)

weet nie/..

K30.30

- 792 -

VAN ZYL

weet nie of mnr. Burger vir mnr. Barnard enigsins hanteer het of van sy dienste gebruik gemaak het nie.

Die sensitiewe geval waarvan u praat, was dit die McQuil- lan-projek? -- Dit is korrek.

En is dit nie korrek dat generaal Badenhorst het gewaar- sku, en hy is van militêre inligting, dat McQuillan nie ge- bruik kon word nie omdat hy 'n dubbelagent was en dat Barnard as't ware as gevolg daarvan - laat ek dit so vra, is dit kor- rek dat Barnard McQuillan se hanteerder was? -- Ek het so ver- staan van hom, ja, van Barnard.

(10)

Is dit korrek dat militêre inligting vir julle meegedeel het dat McQuillan is 'n dubbelagent en dat hy nie mee onder- handel moet word nie en dat as gevolg daarvan onder andere Barnard nie moet voortgaan met sy bedrywighede nie? -- Nee, ek weet nie wat

presies, wie se instruksies ook al dit mag gewees het aan Barnard was nie. Al wat ek weet is dat hy gevra was om hom 'n tyd van aktiewe diens moet onttrek weens sy betrokkenheid by genoemde geval. Wat presies die omstandighede was weet ek nie.

So, u weet nie wat was die sensitiewe geval nie? (20)

Wanneer u verwys na sensitiewe geval weet u nie wat die ...

VOORSITTER: Nee, hy sê van die genoemde sensitiewe geval.

MNR. LUITINGH: Van die meriete van die sensitiewe geval nie. -- Dit is korrek.

Weet u of generaal Badenhorst inligting deurgestuur - of hy die bron van inligting was dat Barnard moet staak met sy onderhandelings met McQuillan? -- Ek weet nie.

Het u enige idee of generaal Badenhorst enigsins geweet het van BSB se betrokkenheid of se aktiwiteite? -- Ek het nooit vir generaal Badenhorst ontmoet tot en met die (30)

interne ondersoek/..

K30.32

- 793 -

VAN ZYL

interne ondersoek nie. Dit is vir my moeilik om te sê. Ek wil - my persoonlike gevoel is dat hy wel kennis gedra het van die bestaan van BSB.

Het u enigsins onderhandelings gehad met 'n persoon met die naam van Mac Magennis? -- Nee, glad nie.

Het u projekte met mnr. Barnard uitgevoer? -- Projekte in dié sin dat ek hom gebruik het om vir Omar vir my te monitor en inligting vir my in te win ten opsigte van sekere persone. Projek uitvoer - die sensitiefste projek wat ek en Barnard saam uitgevoer het, was die Apie-geval. (10)

Wie was die persone wat u gevra het om inligting in te kry? -- Ek dink nou spesifiek aan Hein Grosskopf.

Hein Grosskopf. Is daar ander? -- Nee, nie wat ek my aan kan herinner nie.

Glad nie. Wanneer het u van Barnard se dienste gebruik

gemaak? -- Dit was ongeveer vanaf middel Julie, toe het ek as't ware vir Barnard eintlik leer ken en eintlik - ek het hom ontmoet ongeveer 'n jaar en 'n half voor dit, maar net ontmoet en nie met hom gesels nie. So, dit was van eintlik middel Junie tot middel September, vir drie maande. (20)

Ek dink dat die bewering sal wees dat hy reeds aan die begin van Februarie afgedank is. -- Dit mag so wees.

As ons vir 'n oomblik kan kyk na die Omar-geval dan - of liewer, ek is jammer, ons is besig met Evans. U het verstaan dat daar 'n projek was met betrekking tot Evans. -- Dit is korrek.

Is dit die enigste projek wat u oorgeneem het van iemand anders? -- Oorgeneem in die sin dat ek behulpsaam was met die uitvoering daarvan, ja.

En u sê dat daar was geensins aan u verduidelik (30)

hoekom/..

K30.34

- 794 -

VAN ZYL

hoekom Evans om die lewe moes gebring gewees het nie? Dit was die opdrag wat u die laaste deel van sou uitvoer. -- Dit is korrek.

Het u enigsins navraag gedoen? -- Ek het navraag gedoen in die sin dat ek met mnr. Maree gepraat het nadat die streekbestuurder my ingelig het om vir Peaches te betrek by die geval en mnr. Maree het dit bevestig dat dit 'n projek was van hom en dat daar goedkeuring was vir die projek.

Wie sou die motivering vir so 'n opdrag dan uitgeskryf het? -- Ek veronderstel mnr. Maree of miskien mnr. Verster. (10)

En het u ooit daardie motivering gesien? -- Nee.

Het u nie gedink dat dit was belangrik gewees nie? -- Nee, glad nie.

U sê dat dit is die enigste geval waar 'n projek - waar u 'n projek oorgeneem het. Was daar projekte van u wat deur ander lede oorgeneem is? -- Geen.

Kan ons vir 'n oomblik dan kyk na - just bear with me.  
Net een klein aspek oor mnr. Evans, u verwys na Michael Gavin Evans,  
was dit sy naam gewees? -- Dit is korrek. (20)

Want sy naam is nie Michael Gavin Evans nie. Daar is twee  
broers. Die een is Michael en die ander een is Gavin. -- Ek het  
sy name so gekry, Michael Gavin Evans.

Is daar 'n moontlikheid dat u opdrag gegee gewees het om altwee  
dood te maak? - Nee.

Is u seker van watter een u sou moes doodmaak? -- Dit is korrek.

Watter een? -- Die een wat by die Weekly Mail gewerk het,  
verbonde was aan die ECC, FFF.

Die ECC en? -- Die FFF. (30)

Was dit/..

K30.38

- 795 -

VAN ZYL

Was dit as gevolg van sy betrokkenheid by die ECC wat die  
opdrag gegee is? -- Nee, ek weet nie wat was die motivering vir  
die projek nie.

Is die inligting dat die persoon wat u moes doodmaak was die  
persoon wat werk by die Weekly Mail wat betrokke was by die ECC  
en die FFF? - Onder andere, ja.

Is die andere aan u genoem? -- Nee, die ander organisasies?

Ja. -- Dit was ook aan my gemeld gewees, ja.

Kan u dit onthou? -- Ek kan dit nie onthou nie. (10)

Die projek van mnr. Omar, was dit u projek gewees? -- Dit  
is my projek, ja.

Hoe het daardie projek tot stand gekom? -- Ek het aanvanklik  
die besonderhede van adv. Abdul Omar ontvang vanaf Peaches nadat  
ek hom versoek het om besonderhede vir my te kry of verkry van  
radikale aktiviste in die Weskaap-omgewing. Hy het toe onder andere  
mnr. Abdul Omar se naam vir my gegee, 'n vrou met die naam van  
Sabira Gina ..

Het hy verstaan wat 'n radikale aktivis was? -- O ja, hy

beweeg in al die kringe.

(20)

Maar wat sou 'n persoon onderskei - wat sou 'n radikale aktivis en 'n persoon met linksgesinde politieke sienswyse wees? -- Wel, 'n radikale aktivis sal hom neig tot geweld teen die regering waar 'n linkse persoon nie noodwendig geweld sal kies as 'n uitweg om sy misnoeë met die regering uit te spreek nie.

Het mnr. Omar onder die radikale aktiviste geval? -- O ja.

En so weer eens die ander geval wat - die minibus heet u die naam gegee, maar in hierdie geval het hy dit aan u

(30)

gegee asook/..

K30.39

- 796 -

VAN ;ZYL

gegee asook die bomming van die Athlone - of liever die aktiwiteite van die Q-Town Youth Movement, dié is deur hom aan u gegee. -- Nee, die bussie se besonderhede was aan my gegee deur Peaches. Die Q-Town Youth Movement se besonderhede was aan my gegee deur Gakkie en die besonderhede van Omar was aan my gegee deur Peaches.

Wat was die inligting en hoe het u daarmee gehandel en hoe het die projek tot stand gekom? -- Ek het die inligting op skrif gestel en ...

Wat was die inligting? -- Wel, dit het behels basies (10) die aktiwiteite waarmee mnr. Omar hom besig gehou het.

Soos wat? -- Die organisasies waaraan hy verbonde was.

Watter organisasies was dit? -- Hy was die streeksekretaris, as ek dit korrek onthou, van die UDF in die Weskaap.

Ja? -- Hy was 'n stigterslid van die Lawyers for Human Rights en dan was hy ook op die bestuur van plus-minus nog vier, minstens nog vier ander verbode organisasies.

Maar is hierdie ander twee mees prominent? -- Nee, dit is maar die twee wat ek kan onthou.

Maar was hulle die gevaarlikste? -- Nee, dit is nie (20) wat ek sê nie. Ek sê dit is maar wat ek kan onthou.

Wel, hoekom kan u nie die meer gevaarlikes onthou nie?

VOORSITTER: Nee, hy sê nie daar is meer gevaarlikes nie.

MNR. LUITINGH: Is daar meer gevaarlikes, verbode organisasies, want Lawyers for Human Rights is uit die aard van die saak nie verbode nie en die UDF was beperk gewees en u sê daar was ander wat verbode was, so nou wil ek graag weet was daar 'n kategorisering van die organisasies waaraan hy verbode was? --Nee, nee. Ek het maar slegs al die inligting wat ek so gekry het betreffende sy betrokkenheid by organisasies op (30)

skrif gestel/..

K30.40

- 797 -

VAN ZYL

skrif gestel. Ek kan ongelukkig nie onthou wat dit alles behels het nie.

Het u daardie ander as baie belangrik beskou? -- Ek het die inligting in geheel as belangrik beskou.

So, was Lawyers for Human Rights en inligting wat by u, was dit een van die inligtings wat u sou wou ondersoek en mense se aktiwiteite binne Lawyers for Human Rights, sou hulle, sou dit 'n teiken gewees het vir ondersoek of vir inligting inwin? -- Ek sou sê dit sou 'n teiken gewees het vir inligting inwin, ja.

(10)

Weet u van die geval van mnr. Currin? -- Nee, nog nooit daarvan gehoor nie.

Weet u of hy op enige stadium ondersoek was? -- Ek het nog nooit van sy naam gehoor nie.

So, u het gehoor dat mnr. Omar was betrokke by Lawyers for Human Rights en dat hy 'n streekvertegenwoordiger was van die UDF en u kan nie die ander organisasies onthou nie? -- Nee, ek kan nie die ander organisasies onthou nie. Ek weet wel dat mnr. Omar baie aktief betrokke was by die toespraak van vergaderings waar skoolboikotte beplan was, dat hy hom (20) sterk ten gunste van die ANC uitgespreek het, dat hy baie ANC-lede verdedig het. Hy



was stellig besig met die verdediging van 'n terrorisieverhoor in Kaapstad.

Het u dit beskou as iets wat onwenslik is, dat ANC-terroriste verdedig word in die hof? - Nee, nee, dit is nie wat ek sê nie. Ek sê mnr. Omar se omstandighede as geheel het vir hom 'n teiken gemaak van die BSB.

En dit is 'n faktor wat daartoe bygedra het, dat hy terroriste verdedig het in die hof? -- U kan dit maar so beskou, ja.

(30)

Dit is die/...

K30.42

- 798 -

VAN ZYL

Dit is die prentjie waaruit - dit is die beeld wat u nou skets, is van hierdie getuienis of van hierdie inligting wat u nou ingewin het? -- Dit is korrek.

Is daar enige ander inligting wat u wil byvoeg? -- Nee, nie wat ek glo wat noodsaaklik is nie.

So, in elk geval indien daar ander inligting is, is hierdie inligting die kern en die mees belangrike inligting ten opsigte van die projek waarop hy gebaseer is? -- Ek sal nie sê dit is - dit mag wees dat dit die mees belangrikste is, maar op dié stadium is dit al waaraan ek my kan herinner. Ek (10) dink dieselfde vrae was deur my regsverteenvoerders ook aan my gevra en ek wil graag hê dat u moet dit - waardeer die feit dat ek vir alle praktiese doeleindes twee werke gehad het en dat dit 'n redelike tyd terug plaasgevind het en dat baie dinge verloop het in hierdie tyd. Dit is hoekom 'n mens nie al die feite meer so goed kan onthou nie.

So, hierdie inligting het u dan gegee aan mnr. Burger, mnr. Verster. -- Aan mnr. Burger.

Kan u vir ons sê waar word die onderskeid getref, wanneer word 'n persoon vermoor en wanneer word hy geïntimideer en (20) wanneer word sy goedere onderwerp aan sabotasie? -- Ek kan nie vir u sê nie, maar moontlik lae prioriteit-teikens sal nou uit

die aard van die saak nie geëlimineer word nie. Hoë prioriteitsteikens sal in die klas van eliminasië val. Die besluit van wat daar met die teiken gebeur of moet gebeur berus nie by my nie en ook nie op die vlak waarby ek betrokke was by die eerste in-huis nie. So, ek kan ongelukkig nie u vraag daar heeltemal antwoord nie.

So, wat u vir ons sê, is dit korrek dat wanneer daar 'n opdrag gegee word dat 'n persoon geëlimineer moet word, (30)

dan weet/..

K30.46

- 799 -

VAN ZYL

dan weet u nie altyd hoekom dit is nie, u weet slegs net dat daar sekere inligting aan die streekbestuurder of die besturende direkteur gegee is en na aanleiding van daardie inligting is daar 'n besluit gemaak wat nie noodwendig aan u verduidelik is nie.

-- Dit is korrek.

Het u voorstudie gedoen? -- Ten opsigte van Omar?

Ja. -- Ja.

Wat het u voorgestel? -- Ek kan nie - tydens my inhuis was daar 'n voorstel dat mnr. Omar geëlimineer moes word deur hom met 'n Makarov-pistool te skiet. Ek kan nie vir u sê - dat(10) daar was baie geskaaf aan die plan. Ek het byvoorbeeld gekom en gesê dat ek sal voorstel dat hy geëlimineer moet word, dan het iemand anderste voorgestel ja, dit moet met so 'n wapen gedoen word. So, ek het voorgestel dat hy geëlimineer moet word.

Het u daardie voorstel gemaak? -- Dit is korrek.

Waarop het u dit baseer? -- Op die inligting wat ek ingewin het en wat in verslagvorm saamgevat was wat aan die streekbestuurder oorhandig was.

En daardie inligting is wat u vandag aan die kommissie (20) openbaar het, merendeels, grootliks. -- Merendeels, ja. Ek wil vir u sê dat die inligting wat aanvanklik eers van Omar opgestuur was, sy betrokkeheid by sekere organisasies en sy doen

en late, was deur my teruggevoer en die koördineerder het my spesifiek opdrag gegee om 'n voorstudie te doen sodat Omar geëlimineer moet word en as gevolg van daardie opdrag het ek 'n voorstudie gedoen en teruggegaan en toe voorgestel dat die eliminering op so 'n basis moet plaasvind.

Ja, maar ek verstaan nie nou nie, want ek het 'n oomblik gelede verstaan dat die voorstel van eliminering van u af (30)

gekom het/..

K30.48

- 800 -

VAN ZYL

gekom het, is dit nie korrek nie? Het ek u verkeerd verstaan?

-- Ja, as ek my so uitgedruk het, dan vra ek om verskoning. Die voorstel van eliminering het oorspronklik van die koördineerder gekom. Ek moes 'n voorstudie doen as gevolg van daardie voorstel. Met ander woorde ek moes kyk of die omstandighede hom daartoe regverdig dat mnr. Omar geëlimineer kon word sonder dat dit terugwys na die staat.

En u het dit bevestig? U het gesê ja, hy moet geëlimineer word. -- Ek het dit bevestig.

En die inligting waarop u dit baseer het, is groterdeels (10) deels wat u vandag aan die hof gesê het, dat hy deel was van Lawyers for Human Rights, dat hy deel was van die administratiewe beheer van UDF, ander organisasies wat u nie meer kan onthou nie. -- Dit is korrek.

U het dan 'n inhuis gehou, is dit korrek? -- Dit is reg.

Was u voorstel eerstens die Makarov-pistool, dat hy geskiet word met 'n Makarov-pistool? -- Nee, my voorstel was dat hy eers met 'n mes gesteek moes word en dat die toneel hom moes laat blyk 'n rooftoneel moes wees. Daar was toe voorgestel dat 'n vuurwapen, 'n Makarov-pistool, gebruik (20) moes word om hierdie projek uit te voer.

Ek neem aan dat die rede hoekom 'n Makarov-pistool of 'n Russies-vervaardigde - dit verskyn op verskeie plekke in u beëdigde

verklaring, dat daar altyd Russies-vervaardigde of dat daar baie van Russies-vervaardigde wapens gebruik gemaak word, is dat daar dan 'n idee geskep kan word dat die links- gesinde mense wat nou na bewering ondersteun sou word deur byvoorbeeld Rusland, daarvoor verantwoordelik is. -- Dit is korrek.

Om 'n skyn te skep. -- Heeltemal reg. (30)

Net voor/..

K30.50

- 801 -

VAN ZYL

Net voor ek aangaan met die messteek, die persone wat julle gebruik het as onbewustelike lede, was hulle van - is hulle mense wat 'n kriminele karakter gehad het? -- Van hulle, ja.

Merendeels, grootliks? -- Merendeels, ja.

Selfs van die lede wat aan die BSB betrokke was, het kriminele rekords gehad, soos byvoorbeeld mnr. Barnard was in die tronk gewees, is dit korrek? -- Ja wel, dit is omtrent die enigste geval waarvan ek weet.

Weet u waarvoor hy in die tronk was? -- Ja, hy was - (10) hy het tronkstraf gedien vir, ek dink, een klagte van moord en een van poging tot moord of so iets, of een van strafbare man-slag.

En mnr. Theuns Kruger, was hy nie ook in die tronk gewees nie? -- Ek het hom nooit geken nie. Ek het hom nou maar - wel, ek ken hom nou nog nie. Ek het maar net van sy betrokke geval gehoor.

Weet u of hy in die tronk was of nie? Het u gehoor dat hy in die tronk was.-- Ek het in die nuusmedia gelees, ja.

Ook vir moord. --Dit is korrek. (20)

Dat hy 'n 15 jaar vonnis gekry het en na drie jaar .. -- Dit mag so wees, ja.

Die inhuis wat u gehou het en u het voorgestel dat hy deur 'n mes gesteek sou gewees het, is daar toe 'n wysiging deur iemand anders voorgestel dat 'n pistool gebruik word? -- Dit is korrek.

Kan u onthou - en is dit toe aanvaar? -- Dit was op daar-

die vlak aanvaar, ja, maar die projek was nog nie goedgekeur nie, maar op daardie vlak was dit aanvaar soos wat u dit daar in die verklaring het vandag. (30)

En later/..

K30.51

- 802 -

VAN ZYL

En later, hoe het die projek gevorder? -- Die projek het nooit tot uitvoering gekom nie.

Dit is nie voltrek nie, maar het jy dit begin uitvoer?

-- Ja, ons het planne gemaak om dit te begin uitvoer.

Is dit op 'n latere stadium verander? -- Dit was op 'n stadium verander toe mnr. Omar 'n siekte opgedoen het, 'n hartaanval gehad het en die plan was gewysig met toestemming.

Waar is dit gedoen? Waar was die wysiging van die plan of het u self besluit daarop? -- Nee.

VOORSITTER: Hy sê dit is met toestemming. (10)

MNR. LUITINGH: Is daar weer 'n inhuis gehou? -- Nee, nee. Ek het die betrokke aangeleentheid met die streekbestuurder bespreek wat dit op sy beurt met die besturende direkteur sou bespreek.

Het u te hore gekom van sy hartsiekte? -- Dit is korrek.

En het u na aanleiding daarvan 'n wysiging voorgestel? -- Dit is heeltemal reg.

Ek weet nie of dit korrek is nie, maar ek kry die indruk wanneer ek u beëdigde verklaring lees dat daar was - u was ge-irriteerd gewees omdat daardie projek nie voltrek is nie, (20) omdat dit gesloer het, is dit korrek? -- Dit is korrek, ja.

Het u druk gekry van .. -- Van die streekbestuurder, dit is reg, ja.

Die streekbestuurder. Het hy ooit vir u gesê waarom hy graag wou gehad het waarom daardie voltrek moes word? -- Ja, ek dink hulle het dit op daardie stadium - die streekbestuurder het daardie projek as die belangrikste beskou op daardie stadium en

hy wou graag gehad het dat dit moes uitgevoer word.

Kan ons net vir 'n oomblik kyk na die verklaring van mnr. Gordon, dit is nou Peaches. Hy noem onder andere dat ... (30)

VOORSITTER/..

K30.53

- 803 -

VAN ZYL

VOORSITTER: C11.

MNR. LUITINGH: Ja. Hy noem onder andere dat daar ander mense is wat u genoem het, soos byvoorbeeld Laurie Nathan, kan u daardie naam onthou? -- Nee, glad nie.

Kan u enige name onthou wat u aan Peaches gegee het behalwe dié wat u nou genoem het? -- Nee, ek kan vir u sê dat tydens gesprekvoering met Peaches het hy byvoorbeeld name genoem soos Jay Naidoo, name genoem soos Allan Boesak en ...

Het u geweet wie hulle is? - Ja, ja, en ek het hom maar net gevra om dat as hy enige inligting kry ten opsigte (10) van 'n nuwe huisadres van enige van hulle, betrokkenheid van hulle by enige organisasies, dat hy daardie inligting vir my moet deurgee.

Het u met hom 'n bespreking gehad oor byvoorbeeld Jay Naidoo spesifiek? -- Nee.

Het u enige inligting gehad oor - was Jay Naidoo op enige stadium ondersoek gewees deur julle, dit is nou die BSB? -- Ja, ek glo daar is min organisasies wat hom nog nie ondersoek het nie.

Weet u - wel, ek weet nie of ek u nou korrek verstaan(20) het nie, weet u of die BSB mnr. Naidoo ondersoek het? Inligting oor hom spesifiek ingewin het met 'n doel? -- Ek kan nie vir u sê met 'n doel nie. Ek weet dat daar was inligting gesirkuleer betreffende mnr. Naidoo in ons sel.

Gesirkuleer? -- Dit is korrek.

Het dit dan gebeur dat van tyd tot tyd inligting gesirkuleer is aan al die lede en gesê is oor die algemeen is hierdie 'n persoon waarin ons geïnteresseerd is en wil ons graag hê dat julle

moet inligting inwin? -- Dit is korrek.

Nou Jay Naidoo is een, kan u ander onthou? -- (30)

Hein Grosskopf/..

K30.58

- 804 -

VAN ZYL

Hein Grosskopf - nee, ek kan nie ander enige noemenswaardige name onthou nie.

Dit is nou in al die tyd wat u gewerk het by BSB kan u net twee name onthou van mense .. -- Ek kan onthou dat Gavin Evans se naam was op gewees op 'n stadion. Daar was 'n Borraine se naam op.

Het u daardie naam, Borraine, aan Peaches gegee? -- Dit is korrek. Dit is basies al name wat ek nou kan onthou.

Daardie drie name? -- Ja.

Hierdie sirkulering van inligting, hoe het dit gewerk(10) in die opset wat u van getuig het vandag? Daar is uit die aard van die saak nie 'n motivering of 'n inhuis nie, is daar 'n vergadering en dan word daar dokumentêre getuienis aan u oorgegee of word u net eenvoudig - hoe word dit onder u aan- dag gebring dat u sekere mense nou moet .. -- Dit verskil van geval tot geval. Partykeer sal hulle vir jou net die naam noem, partykeer sal daar miskien 'n dokument wees met 'n paar name op en hulle sal sê dat ek aan die een naam moet aandag gee en dat mnr. Botha byvoorbeeld aan die ander naam moet aandag gee en so het dit maar gewerk.

(20)

Kan ek net vir u vra, het u ooit vir Peaches gesê dat hy 'n video moes kry en die video nagaan? -- Nee. Van wie?

Die naam van die video sou wees The Sword of Gideon.

-- Nee.

Het daardie opdrag nie van u gekom nie? -- Nee.

Want hy sê daardie opdrag het van u gekom. -- Nee.

Hy sê dat u het vir hom gesê dat hy moet gaan kyk na 'n film met die naam van The Sword of Gideon en dat daar sekere dinge uit

duidelik sou wees en - ek moet vir u sê ek het nog nie die film gesien nie, maar dat na bewering dit gegaan (30)

het oor/..

K30.60

- 805 -

VAN ZYL

het oor 'n oud-weermagkolonel in die Israeli-weermag wat met soortgelyke aktiwiteite besig was, het u nie vir hom so gesê nie?

-- Nee.

Het u al ooit die film gesien? -- Nee, nie wat ek my kan herinner nie.

Het u vir Peaches gesê hy moet 'n rekening oopmaak? -- 'n Bankrekening?

Ja. -- Dit is korrek.

Want hy sê dat onder andere in hierdie film, The Sword of Gideon, is dit ook 'n metode wat gebruik is om - wat nou (10) die identifiseerbare, onbewustelike lede te betaal en hy sê dit is duidelik van die film dat die opdragte dan ook .. -- Nee, ek dra geen kennis van die film nie.

Het u vir hom gesê dat hy moet 'n posbus in 'n naam kry? -- Dit is korrek.

Dat u met hom kan kommunikeer. -- Dit is heeltemal reg.

Want hy sê dat dit is ook 'n aspek van hierdie film. -- Dit mag moontlik so wees. Ek het nooit van die film gepraat nie.

Ten opsigte van die detail van u getuienis wat mnr. (20) Gordon betref, dit is nou Peaches, aanvaar u dat daar ten opsigte van sommige van die gebeurtenisse, dat u miskien verkeerd is ten opsigte van datums, dat dit miskien 'n week vroeër of 'n week later kon gewees het of dat 'n bedrag wat u sou betaal het 'n bietjie meer of 'n bietjie minder sou ge- wees het?

Dat u nie heeltemal korrek is ten opsigte van die detail nie? -- Daar mag dalk klein verskille wees, ja.

Het u ooit byvoorbeeld - kan ek vir u vra, het u ooit vir



Peaches Johannesburg toe laat kom behalwe nou vir die Evans ..

-- Dit is korrek. (30)

Op watter/..

K30.61

- 806 -

VAN ZYL

Op watter geleentheid was dit? -- Dit was voor die Evans-geval, was hy omtrent vir 'n week, vyf dae, in Johannesburg waarin ek hom net meer vertrouwd wou maak het in sy nuwe omstandighede en hy was maar bloot net aangesê om by die een hotel in te boek en dan na 'n volgende hotel te gaan en dan 'n afspraak vir my na te kom. Dit was net 'n toets gewees.

Onder andere het Peaches gesê dat jy het vir hom name gegee en die een is Laurie Nathan van Rondebosch-Oos - van Rondebosch in die Kaap. -- Nee, daardie naam lui nie 'n klokkie by my nie.

(10)

Hy was 'n dit van die ECC. -- Dit mag so wees, ek weet nie.

Joseph Honga, kan u daardie naam onthou? -- As ek my verbeel is dit een - dit was beslis een van die Swapo-lede se name daardie.

U het dit vir Peaches gegee. -- Dit is korrek.

Wat was u opdragte met betrekking tot mnr. Honga? -- Ek het reeds vir u gesê dit was net om sy adres na te gaan.

En mnr. Theron wat in Kampsbaai gebly het? -- Ja, ek kan my verbeel. Dit was ook 'n bevestiging van 'n adres. (20)

Die inligting wat u vir Peaches gekry het, het u dit ooit nagegaan? -- Ek het fisies nooit die inligting nagegaan nie omrede dit nie my plig was nie, maar die inligting is, soos wat ek gesê het, bevestig deur die organisasie as waar of vals.

Want dit blyk uit sy beëdigde verklaring en u beëdigde verklaring dat u heelwat geld aan hom betaal het. -- Ja, daar was 'n redelike bedraggie aan hom betaal.

En dit blyk daaruit verder dat hy maar bitter min vir u gedoen het in die sin dat hy het vir u onwaarhede vertel, (30)

hy het/..

hy het u om die bos gelei. -- Dit is korrek.

Is dit korrek dat hy u gevat het na 'n plek wat u sou staan het Dulla Omar se huis sou gewees het? --Dit is korrek.

En wat was die rede, waarom het u soontoe gegaan? -- Om sy rapporte wat hy aan my maak te bevestig.

Het dit enigiets te doen met die uitvoering van 'n projek? -- Van Omar se projek self?

Ja. -- Nee, ek was geensins van plan om dit self te doen nie.

Wat was Goldie gewees? -- Dit is my projeklêer waar- (10) binne al my projekte geliasseer was.

Was al jou projekte in Goldie gewees? -- Dit is korrek.

Behalwe nou byvoorbeeld Evans sou nie in Goldie gewees het nie? -- Nee.

Het u aan enige projekte gewerk wat nie in Goldie vervat is nie? -- Nee, nie wat ek my aan kan herinner nie.

Die uittreksel wat mnr. McNally aan ons voorgelê het, het dit betrekking tot al die projekte waar jy betrokke was? --Dit is bedrae wat genoem word op my projek Goldie van toepassing is. Ek kan ongelukkig nie al die bedrae identifiseer nie, (20) maar daar is van hulle wat ek kon identifiseer as my werk wat onder projek Goldie moes ressorteer.

VOORSITTER: Maar kan u u wesenlike bedrae herinner wat nie op daardie lys is nie? -- Nee.

MNR. LUITINGH: Is daardie lys of Goldie, het dit net betrekking op projekte wat finansiële implikasies gehad het? -- Nee, nie noodwendig nie. Projek Goldie, inligting wat ek gekry het, sou ook onder die naam projek Goldie deurgestuur word. Dit is 'n kodenaam vir my projek.

Ek wil u net vra, waar het die naam Goldie vandaan (30)

gekom/..

gekom? -- Hy was aan my verskaf vanaf die koördineerder.

Want ek sien dat u beëdigde verklaring en ook u getuienis wat deur mnr. Du Toit gelei is, tot 'n groot mate handel met hierdie uitgawes. -- Ja.

Was daar projekte wat nie uitgawes gehad het nie waaraan u gewerk het? Want u sien as ons van hierdie projek Goldie af werk dan blyk dit asof u al hierdie finansiële implikasies gehad het, maar wat ek wil weet is, is daar ander projekte wat nie finansiële implikasies gehad het nie? -- Projekte, nee.

Maar wel inligtingsversameling. -- Ja. (10)

Kan ons net vir 'n oomblik kyk na u salaris en wat u verdien het by die BSB. U het eerstens 'n basiese salaris verdien van R3 500 'n maand, is dit korrek? -- Ja, ek sal sê die salaris soos wat ek dit hier uiteengesit het, is die algehele pakket wat ek gekry het. Die salaris het bestaan uit 'n basiese salaris plus toelaes, onder andere 'n toelaag vir byvoorbeeld taxigelde wat 'n mens op 'n daaglikse basis bykans gebruik het, gelde vir telefoonhokkies, ensovoorts, en dit was 'n bedrag van R701. Dan is daar ook medies wat partykeer bygesit word en ander voordele.

(20)

Kan u sê wat u totale pakket was in 'n jaar? -- Wel, ek skat dit op so plus-minus R3 000 'n maand, so ek praat van so R36/R40 000 'n jaar salaris. Ek praat dan sonder my motor-toelaag.

U het vir 'n jaar daar gewerk, nie waar nie? -- Dit is korrek.

Is die motor toe aan u gegee? -- Nee, hy is teruggegee.

Is hy teruggegee? -- Dit is reg.

En u het dan ook 'n bonus, 'n insentief, gekry van R3 000. -- Op een stadium gekry, dit is reg, ja. (30)

Ja, en/..

K30.72

- 808 -

VAN ZYL

Ja, en dit sou twee keer 'n jaar gewees het. -- Dit is korrek.

U het ook 'n pensioen gekry, is dit korrek? -- Ek het 'n

pensioen ook gekry, dit is korrek.

Van R800 .. -- 'n Maand, dit is reg.

Is daar enige - ek weet ek het die vraag reeds aan u gevra, ek wil net seker maak, is daar enige bedrae wat u betaal is as't ware vir die voltrekking van spesifieke projekte? -- Nee.

Die belasting wat u betaal is, dit is in kontant aan (10) u betaal? -- Asook my salaris, ja.

Het u die belasting oorbetal aan die .. -- Dit is korrek.

Aan die belasting .. -- Kantore.

Kantore. -- Dit is reg.

En dit is addisioneel tot die R3 500. -- Nee, dit het dit basies ingesluit.

Ek verstaan nie. -- Nee, ek het 'n salaris gekry ...

So, u het die R3 500 gekry en daarvan is die kontant .. -- Afgetrek. (20)

Afgetrek. -- Dit is korrek.

Ek wil net voortgaan dan met Peaches se - daar is net enkele aspekte. Het u ooit 'n opdrag gehad in verband met Trevor Manuel?

Kan u daardie naam onthou of was daar enig- sins gesprekke gewees? - Ja, ek kan daardie naam onthou. Ek het aan Peaches gevra om besonderhede betreffende Trevor Manuel te bekom.

U het vir Peaches gevra. -- Dit is reg.

En waar het u die naam gekry? -- Vanaf BSB.

Het u al 'n geleentheid gehad om Peaches se (30)

verklaring/..

K30.75

- 809 -

VAN ZYL

verklaring te lees? -- Nee, nog nie.

Want hier is heelwat name wat hier genoem word en ek sou baie graag wou gehad het dat ons net deur 'n paar van hulle gaan om te sien, want u kan klaarblyklik nie name onthou nie, maar dan wanneer ek vir u vra dan sê u ja, dit val u dan by. -- Dit is reg.

Wat was u inligting omtrent Trevor Manuel? -- Daar was geen

inligting daaromtrent nie. Ons wou net sy bewegings en sy huislike besonderhede wou ons gehad het en dit het ons van Peaches versoek.

(10)

Is daar vir jou gesê waarom dit belangrik is? -- Nee.

So, u weet nie hoekom u ondersoek gedoen het na mnr.

Trevor Manuel nie? -- Nee.

Mev. Sisulu? -- Nee, ek het beslis nie vir hom daardie naam gegee nie.

Maar onder andere sê Peaches dat mev. Sisulu se naam is deur u aan hom gegee. -- Nee. Ek neem aan dit is mnr. Walter Sisulu se vrou, nê?

Ja. -- Nee.

Mnr. Moosa? -- Dit is die besonderhede wat hy vir my (20) gegee het. Dit is die ander advokaat in Kaapstad waarvan ek gepraat het.

Ek kan my nie nou daaraan herinner nie. -- Ek het vir hom gevra om vir my besonderhede te gee van linksgesinde aktiviste in die Kaap en hy het toe besonderhede van twee advokate, en dit was nou Moosa en Dulla Omar, aan my gegee asook besonderhede van Sabira Gina.

Was daar 'n projek ten opsigte van Moosa gewees? -- Nee.

Sou daar een gewees het? -- Nee, nie waarvan ek kennis dra nie.

(30)

Was daar/..

K30.78

- 810 -

VAN ZYL

Was daar enige onderskeid tussen hom en mnr. Omar, wat u betref? -- Ja.

Wat sou die verskil gewees het? -- Mnr. Omar was baie meer aktief in die geweldpleging teen die regering as wat mnr. Moosa was.

Waar het u dit vasgestel? -- Hoofsaaklik vanaf Peaches en

die besonderhede is deurgegee aan die BSB.

Peaches sal ontken dat hy vir u die naam gegee het en hy sal verder ontken dat hy gesê het dat mnr. Omar of mnr. Moosa 'n aktivis was, 'n radikale aktivis. Het hy daardie term (10) gebruik? -- Dit is korrek.

Peaches het gepraat van radikale aktivis? -- Dit was ons spreektaal, ja.

Mnr. Tutu se naam, het u dit aan hom gegee? -- Ek het nie mnr. Tutu se naam aan Peaches gegee nie. Die eerste keer wat Peaches betrokke geraak het by mnr. Tutu was toe ek hom versoek het om vir my nog .. (oorskakeling)

K31 Want sy bewering is dat u voorheen vir hom die naam genoem het. -- Nee, dit is nie so nie.

Was mnr. Tutu se naam een van daardie wat dalk ge- (20) sirkuleer was? -- Nee.

Was mnr. Manuel se naam een van daardie wat gesirkuleer was? -- Dit is korrek.

Mnr. Boesak? -- Nee.

Dit was nie gesirkuleer nie? -- Nee.

Het u die naam van Peaches gekry of het u dit aan hom gegee? -- As ek my korrek herinner het Peaches een dag vir my gesê dat hy het die nuwe kantore van mnr. Boesak geïdentifiseer en hy het die besonderhede aan my verstrek. Dit is hoe ons by mnr. Boesak uitgekom het. (30)

Ander name/..

K31.1

- 811 -

VAN ZYL

Ander name, mnr. Chikane? -- Nee, ek het dit nie vir hom gegee nie.

Is daardie naam gesirkuleer? -- Ek wil my verbeel ek het dit gesien.

Dat dit gesirkuleer is? -- Dit is korrek.

Want ek dink daar is getuienis wat voorheen gelei is, dat

daar op 'n stadium 'n komperuitdruk is met sy naam op. -- Dit mag so wees, ja.

Het u dit gesien? -- Ek sal nie weet waarmee daardie komperuitdruk verband hou nie, maar ek verbeel my dat ek (10) het wel Frank Chikane se naam gesien ook op 'n dokument.

Wanneer u daardie komperuitdrukke gekry het, het hulle nie gehad Nasionale Intelligensie of Militêre Intelligensie Inligting nie? -- Bo-aan nie, nee.

Die naam Andrew Boraine, dit is die naam wat .. -- Dit is korrek.

Wat u aan hom verstrekk het. -- Dit is reg.

Wat was u opdragte daar gewees? -- Soos ek gesê het hy moes hom - bloot sy woonadres vir ons bepaal.

Ook as synde 'n linksgesinde aktivis? -- 'n Radikale (20) aktivis.

'n Radikale aktivis. -- Dit is korrek.

Waarmee sou hy betrokke gewees het? -- Nee, ek het nie veel inligting oor hom gehad nie. Dit was maar bloot besonderhede van vyande wat op 'n lys gesirkuleer was en hulle het vir ons gevra om meer inligting omtrent die persone se bewegings asook hulle woon- en werksadresse in te samel.

Mnr. Van Zyl, hopelik kan ons hierdie alles kort sny, ek wil dit net aan u stel dat dit blyk uit u verklaring asook uit Peaches se verklaring dat wat besig was om te gebeur en (30)

dit is/..

K31.2

- 812 -

VAN ZYL

dit is dat die linksgesinde mense oor 'n baie groot spektrum ondersoek was deur die BSB, opgetree was deur die BSB. -- Van optrede is ek nie so seker nie, maar van ondersoek wel, ja.

Na aanleiding van die BSB se werkswyse, die eerste wat sou gebeur het, is dat inligting ingesamel sou gewees het en dat op daardie inligting dat daar gehandel dan sou gewees het op 'n latere

stadium. -- Nie noodwendig nie.

Wel, ten minste in die geval van Evans is dit so, in die geval van Omar was dit so, in die geval van die Early (10) Learning Centre was dit so gewees, is dit nie korrek nie? -- Dit is korrek. Dit is die gevalle wat ek nou vir u genoem het, maar u het ook baie ander name daar vir my genoem wat daar nooit - wat ek nou vir u gesê het ja, ons het daarop gewerk synde inligting in te samel, maar daar was nooit enige projekte aangebied op daardie persone nie.

Maar daar bestaan 'n baie goeie moontlikheid dat op een of ander stadium daar teen hierdie mense opgetree sou gewees het. -- Ek kan dit nie sê nie.

Wel, ek ...

VOORSITTER: Ek weet nie hoekom u die punt wil debatteer (20) met die getuie nie.

MNR. LUITINGH: Soos dit u behaag. Kan ons net vinnig daardeur gaan. Lionel Louw, is daardie naam gesirkuleer? -- Dit lui nie 'n klokke by my nie.

Johnny Issel? -- Johnny Issel? Die naam klink bekend, maar ek kan nie my verbeel dat ek dit vir hom gegee het nie.

Het hy dit dalk aan u gegee? -- Nee, ek verbeel my ek het die naam iewers in die pers gesien, maar dit is so ver ..

En Moses Mayekiso? -- Nee. (30)

Kan ek u/..

K31.5

- 813 -

VAN ZYL

Kan ek u net vra, ten opsigte van die pille wat u dan sou gekry het vir mnr. Omar, waarvandaan sou dit gekom het? Laat ek die vraag oorstel. Was daar 'n instansie of persone betrokke wat u sou kon gehelp het met betrekking tot die verkryging van pille wat mnr. Omar 'n hartaanval sou gee? -- Ons het gebruik - daar was 'n instansie wat ons van logistieke steun voorsien het en hierdie klas het ook in daardie kategorie geval, die verkryging



van die pille, so, ja, om u vraag te antwoord. Daar was mense wat ons gehelp het om aan daardie kant van die saak 'n projek te help uitvoer. (10) Uit die aard van die saak sou hierdie dan 'n instansie gewees het wat met chemikalieë gewerk het? -- Dit is korrek.

Wie was die instansie gewees? -- Ek weet nie wie die instansie was nie.

Met wie het u daar liasseer of met wie het u liasseer ten einde .. -- Ek het daar gepraat, soos wat ek verwys in my verklaring, dit is 'n man wat voorheen verbonde was aan die mediese regiment of aan 'n mediese regiment van die weermag. Ek kan ongelukkig nie sy naam onthou nie. Ek het hom op hoogstens twee gevalle gesien. (20)

Was hy 'n dokter gewees? -- Dit mag moontlik wees, ja.

Het hy vir u gesê wat hierdie pille sou doen, wat die gevolge van die pille sou wees? -- Dit is korrek. Dit sou vir mnr. Omar 'n hartaanval gegee het. Dit sou sy sisteem opgewerk het op 'n manier sodat hy 'n hartaanval sou kry.

VOORSITTER: Is dit 'n poeier of pille? -- Hy moes aanvanklik pille gemaak het, maar hy het toe vir my poeier gegee.

MNR. LUITINGH: Is u enigsins in staat om te sê waar daardie stof vandaan gekom het? -- Nee, glad nie.

Weet u wat daardie stof behels het? Wat was die .. (30

-- Nee/..

K31.7

- 814 -

VAN ZYL

-- Nee, ek weet nie.

Het u enige navraag gedoen oor Cayco by Peaches? -- Cayco?

Ja, Cape Youth Congress. -- Cape Youth Congress? Nee, dit mag moontlik wees. Ek sê dit mag moontlik wees.

Dat u by hom navraag gedoen het, by Peaches? -- Ja.

Het u dalk daardie inligting gekry van die BSB? -- Ek kan my nie herinner aan die betrokke geval nie.

Was u daarvoor verantwoordelik dat Isgak gestuur word na Suidwes-Afrika? -- Dit is korrek. (10)

Het u hom daardie opdrag gegee? -- Ja.

Was dit 'n projek gewees? -- Nee, dit was nie 'n projek as sulks nie. Hy moes bloot net opgaan om inligting betreffende sekere bussies in Suidwes, vandag Namibië, gaan inwin en dit so aan my terugrapporteer.

Is hy nie opdrag gegee om die bussies te beskadig nie? -- Nee, die opdrag het gegaan, die tweede keer toe hy Suidwes toe gegaan het, het ek 'n opdrag gekry van die streekbestuurder dat Gakkie na Suidwes moet gaan en dat 'n bussie gesaboteer sal word.

Ek het vir Gakkie opgestuur, maar ek het nog (20) nie duidelike instruksies ontvang van hoe die sabotasie gedoen moes word nie en daar is toe aan my teruggerapporteer dat Gakkie moet terugkeer na Suid-Afrika, dat alle optredes in Suidwes, Namibië, is gestaak.

Daardie bussie aan wie het dit behoort? -- Suid-Afrikaanse Raad van Kerke.

Was hulle ook oor die algemeen 'n teiken gewees van die aktiwiteite van die BSB? -- Nee, ek sal dit nie so stel nie.

En dan in hierdie opsig? -- Ek weet nie wat die presiese omstandighede was daar nie. Ek weet wel dat van die taxis (30) was blykbaar/..

K31.9

- 815 -

VAN ZYL

was blykbaar gebruik om Swapo-lede na verkiesings toe te ry, maar die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke was nooit aan ons uitgespel as synde 'n vyand van die Republiek te wees nie.

Het dit gegaan op daardie stadium oor die verkiesing? -- Dit is korrek.

Die ontwrigting van die verkiesing? -- Ek sal nie sê die ontwrigting van die verkiesing nie. Ek het geen instruksies gekry om die verkiesing in Suidwes te ontwrig nie.

Het u aanvaar dat dit is uit die aard van die saak die rede vir die opdrag? -- Ek sal eerder sê dit was die ont- (10) wrigting van Swapo gewees.

Maar het u nie gesê - ek is jammer, het u nie genoem dat hulle gebruik is vir verkiesingsdoeleindes nie. Was dit nie wat u getuienis was nie? -- Ek het gesê dat hulle blykbaar die bussies gebruik het vir verkiesingsdoeleindes, ja.

Ja. -- Maar ek glo nie dat die aksie was geloods om die verkiesing self te ontwrig nie. Dit was bloot om Swapo te ontwrig.

Net een laaste aspek ten opsigte van die ondersoek wat ingestel is deur generaal Badenhorst en brigadier Engel- (20) brecht. Is dit korrek u is op 'n stadium genader deur die twee van hulle, is dit korrek? -- Dit is korrek.

Na u huis toe gekom? -- Nee. Ek het na generaal Badenhorst se kantoor gegaan.

Wie was by u huis gewees? -- Generaal Badenhorst en brigadier Engelbrecht, maar dit was lank na ons afspraak.

Eerstens was u gevra om generaal Badenhorst te gaan sien. -- Dit is korrek.

Deur wie? -- Deur brigadier Engelbrecht.

En wat sou die doel daarvan wees? -- Dit was 'n (30)

interne ondersoek/..

K31.10

- 816 -

VAN ZYL

interne ondersoek na die bedrywighede van die BSB binnelands.

Wat het gebeur op daardie geleentheid? -- Ek het vir hulle vertel wat ek vir u vandag hier vertel.

Het hulle u gevra oor die Webster-geval? -- Dit is korrek.

Wat het generaal Badenhorst u gevra oor die Webster-geval? -- Of ek betrokke was by die betrokke geval en of enige van die ander sellede daarby betrokke was en of ek moontlik inligting het op die geval. Ek het dieselfde antwoorde ver- strek as wat ek

vir u gegee het.

(10)

Het hy aan u meegedeel dat hy inligting het oor die Webster-geval en vir u gevra om kommentaar daarop te lewer? -- Nee.

Is daar enige ander gevalle wat vandag nie hier genoem is nie? -- Nie wat ek my aan kan herinner nie.

Het brigadier Engelbrecht op enige stadium vir u gesê, in privaat of andersins, dat u nie moet praat nie? Dat u moet stilbly en dat u nie openbarings moet maak nie? Want daardie bewering is gemaak in die papiere wat voor die kommissie geplaas is. -- Daar was, tydens hulle besoek by my huis, aan(20) my gesê dat ek moet swyg oor die werksaamhede van die BSB.

Wat sou die doel van die interne ondersoek dan wees? -- Ek weet nie.

VOORSITTER: Is dit bedoel na buite om te swyg? -- Dit is korrek.

Is dit nou nadat hulle u ondervra het? -- Ja, dit was ongeveer twee weke voor my arrestasie gewees. Hulle het aan my genoem dat ek deur 'n prokureur-generaal genader sou word om verduidelikings te gee ten opsigte van sekere insidente, die insidente wat ek aan hulle geskets het, en dat ek van (30)

my swygreg/..

K31.11

- 817 -

VAN ZYL

my swygreg gebruik moes maak omrede daar advokate vir ons gesal word.

MNR. LUITINGH: Het u met hulle op daardie stadium gepraat oor vrywaring wat dan aan u beloof sou gewees het toe u die kursus .. -- Nee, glad nie.

VOORSITTER: Van watter kursus praat u?

MNR. LUITINGH: Dit is die kursus wat hy oorspronklik - want hy het gesê hy het dit daar bespreek.

VOORSITTER: Het iemand vir jou 'n vrywaring aangebied? -- Nie 'n skriftelike vrywaring nie. Dit was wel 'n mondelingse (10) vrywaring ...

Nee, ek bedoel nou sedert u weg is by BSB. -- O nee, glad nie.

MNR. DU TOIT: Ekskuus, mnr. die Voorsitter, ek het die getuie reg verstaan dat hy het gesê daar is vir hom gesê dat hy na buite moet swyg, maar nie teenoor die wat hom ...

VOORSITTER: Ja. Hy het gesê nadat hy klaar gepraat het.

MNR. DU TOIT: Ten opsigte van diegene wat buite staan, nie ten opsigte van die ondersoek self nie. Ek begryp.

VOORSITTER: Maar die volgende vraag was of hulle aan u 'n(20) vrywaring aangebied het en of iemand anders u 'n vrywaring .. -- Nee, glad nie.

MNR. LUITINGH: Het u met hulle die aspek bespreek en gesê wat sal die benadering van die advokaat wees ten opsigte van die insidente wat genoem is? -- Dit is korrek, ja.

En wat was hulle verduideliking?

VOORSITTER: Van die advokaat?

MNR. LUITINGH: Ja, dit is met betrekking - hulle het na ...

VOORSITTER: Hulle het gesê ons kry vir jou 'n advokaat, praat met hom. (30)

MNR. LUITINGH/..

K31.12

- 818 -

VAN ZYL

MNR. LUITINGH: Ja, en hy moet swyg.

VOORSITTER: En swygreg teenoor die prokureur-generaal gebruik, ja.

MNR. LUITINGH: Nou wat sou die benadering gewees het met betrekking tot - hoe sou sake verloop het indien u aangekla gewees het? -- Ek dink niemand het op daardie stadium geweet, almal het die hoop geplaas op 'n moontlik amnestie vorentoe.

Bestaan daardie hoop nog steeds? -- Ja, baie beslis.

Is u enige indikاسie gegee dat daar so 'n amnestie gaan wees? -- Nee. (10)

Van waar is hierdie hoop dan? Van waar kom dit? -- Dit is

maar persoonlik.

Dit is persoonlik? -- Hm-hm.

Uself dink dat daar 'n amnestie gaan wees? -- Onder andere, ja.

VOORSITTER: Hy sê hy glo dit persoonlik.

MNR. LUITINGH: Dit is nie aan u gekommunikeer deur enigiemand nie? -- Nee, ek het vir u gesê dit was bespreek gewees met my of tydens my gesprek met brigadier Engelbrecht en generaal Joubert.

(20)

Ek is jammer generaal Badenhorst? -- Ekskuus tog, generaal Badenhorst, maar nou ja ...

Die amnestie is bespreek? -- Dit is korrek.

Het hulle voorgestel, het hulle 'n suggestie gemaak dat daar 'n amnestie sou wees? -- Dit is korrek.

Na aanleiding van die suggestie dan wanneer sou dit gebeur?

Het hulle gepraat oor die moontlikheid van 'n kommissie of die moontlikheid dat jy aangekla sou wees? -- Nee, dit was nie in detail bespreek gewees nie.

Maar hulle het gepraat oor 'n amnestie op daardie (30)

stadium/..

K31.13

- 819 -

VAN ZYL

stadium. -- Dit is korrek.

VOORSITTER: Die soort amnestie, is gepraat van 'n algemene amnestie of persoonlike amnestie? -- Nee, persoonlike amnestie.

MNR. LUITINGH: Het hulle vir u gesê dat u gaan gearresteer word op daardie stadium? -- Nee. Ek het dit vermoed en hulle het gereken daar was omtrent 'n 10% kans.

Dat u gearresteer gaan word? -- Dit is korrek.

Hoekom het hulle dit op so 'n lae persentasie geplaas? Het u enige idee? Het hulle vir u gesê hoekom? -- Ek glo (10) omrede daar - die aangeleentheid bespreek was op ministeriële vlak.

Is dit wat aan u gekommunikeer is op daardie aangeleentheid?

-- Dit is korrek.

Ja? -- Asook dat die aangeleentheid reeds met regsverteenwoordigers bespreek was.

Brigadier Engelbrecht uit die aard van die saak was deel van die SAP gewees toe hierdie bespreking plaasgevind het en dit was dan sy siening ook. Was u tevrede dat die SAP dan ook betrek is by reëlings wat dan getref sou gewees het dat u (20) nie gearresteer sou word nie. -- Dit is korrek.

VOORSITTER: Wel, die hoop het beskaam. Ons is nou besig op spekulاسie.

MNR. LUITINGH: Is daar op 'n stadium aan u voorgestel dat hierdie getuienis moontlik nie ondersoek sal word nie of nie na vore gebring sal word nie of verberg sal word nie? -- Nee, dit was duidelik aan my gestel dat die beweringe wel deeglik ondersoek gaan word. Daar sou niks verberg word nie.

Maar dat in elk geval u het dan u hoop op die amnestiebewerings geplaas? -- Dit is korrek. (30)

Mr Chairman/..

K31.17

- 820 -

VAN ZYL

Mr Chairman, there is only one further aspect that I want to cross-examine about. It is going to take not terribly long and I will be finished tomorrow morning very early.

DIE KOMMISSIE VERDAAG TOT 29 MAART 1990 OM 10H00.

**Collection Number: AK2300**

**HARMS COMMISSION OF INQUIRY, Death squads 1990**

**PUBLISHER:**

*Publisher:- Harms Commission of Inquiry*

*Location:-*

©1990

**LEGAL NOTICES:**

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a private collection donated to Historical Papers at The University of the Witwatersrand.